**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 218/2006

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**P. MASHIYANA**

---

**CORAM:** KRUGER, R *et* C.J. MUSI, R

---

**UITSPRAAK:** KRUGER, R

---

**GELEWER OP:** 9 MAART 2006

---

[1] Hierdie is 'n spesiale hersiening gestuur deur die Streeklanddros, Bloemfontein, onder artikel 304(4) van die Strafproseswet 51 van 1977.

[2] Die beskuldigde is gevonnis ingevolge 'n pleit en vonnisooreenkoms ingevolge artikel 105A van Wet 51 van 1977.

[3] Soos die vonnis op die stadium bewoord is mag die beskuldigde nie weer skuldig bevind word gedurende die termyn van opskorting nie instede daarvan dat hy belet word om genoemde misdade te pleeg gedurende die tydperk van opskorting.

[4] Uit ‘n skrywe van die Staatsaanklaer blyk dat die partye betrokke by die pleit ooreenkoms ten alle tye die bedoeling gehad het dat die gevangenisstraf opgelê vir die beskuldigde, opgeskort moes word op die gewone voorwaarde, naamlik dat hy nie weer skuldig bevind word aan relevante misdade, gepleeg binne die opskortingstydperk nie. Die aanklaer sê dit gaan hier om die regstelling van die bona fide fout.

[5] Hoewel die vonnisooreenkoms tussen die staat en die beskuldigde aangegaan word (artikel 105A(1)(a)), is dit die hof wat vonnis oplê (ooreenkomstig die vonnisooreenkoms) (artikel 105A(8)).

[6] Hierdie is ‘n geval waar die verrigtinge nie ooreenkomstig die reg is nie omdat ‘n verkeerde vonnis per abuis opgelê is. Dit is ‘n gepaste geval vir hierdie hof om sy wye magte onder artikel 304(4) te gebruik.

[7] Gevolglik word die vonnis deur die landdros opgelê ingevolge die pleitooreenkoms gewysig om soos te lees:

> “Drie (3) jaar gevangenisstraf in terme van artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (soos gewysig) en ‘n verdere (4) jaar gevangenisstraf opgeskort vir vyf jaar (5) op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of bedrog of enige misdaad waarvan oneerlikheid ‘n element is nie gepleeg binne die opskortingstydperk nie.”

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**C.J. MUSI, R**

/em